

**Skriflesing:** Galasiërs 2; 2 Petrus 1

Kategismus: **Sondag 32**

Teks: **Galasiërs 2:20; 2 Petrus 1:10**

**Sing: Ps. 86: 5,6; Ps. 28: 1,6 ; Ps. 9: 1,10**

### **Galasiërs 2**

**Gal 2:1** Daarna, veertien jaar later, het ek weer na Jerusalem opgegaan met Barnabas, en Titus ook saamgeneem.

**Gal 2:2** Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie.

**Gal 2:3** Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is;

**Gal 2:4** en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring;

**Gal 2:5** aan wie ons selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee het nie, sodat die waarheid van die evangelie by julle bestendig sou bly.

**Gal 2:6** Maar van die wat in aansien was—wat hulle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie—hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie.

**Gal 2:7** Maar, intendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes—

**Gal 2:8** want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene—

**Gal 2:9** en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfas en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan;

**Gal 2:10** alleen moes ons aan die armes dink, wat ek my juis ook beywer het om te doen.

**Gal 2:11** Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het.

**Gal 2:12** Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is.

**Gal 2:13** En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins.

**Gal 2:14** Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?

**Gal 2:15** Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie,

**Gal 2:16** terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.

**Gal 2:17** Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie!

**Gal 2:18** Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder;

**Gal 2:19** want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe.

**Gal 2:20** Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

**Gal 2:21** Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

**2 Petrus 1**

**2Pe 1:1** Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus:

**2Pe 1:2** Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here!

**2Pe 1:3** Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug,

**2Pe 1:4** waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.

**2Pe 1:5** En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis,

**2Pe 1:6** en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug,

**2Pe 1:7** en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde.

**2Pe 1:8** Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie;

**2Pe 1:9** want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet.

**2Pe 1:10** Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.

**2Pe 1:11** Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.

**2Pe 1:12** Daarom sal ek nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie, alhoewel julle dit weet en vasstaan in die waarheid wat by julle is.

**2Pe 1:13** En ek beskou dit as reg, so lank as ek in hierdie tentwoning is, om julle deur herinnering op te wek,

**2Pe 1:14** omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning ophande is, soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het.

**2Pe 1:15** En ek sal my beywer, dat julle ook gedurig ná my heengaan hierdie dinge in gedagtenis kan hou.

**2Pe 1:16** Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit;

**2Pe 1:17** want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het.

**2Pe 1:18** En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was.

**2Pe 1:19** En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;

**2Pe 1:20** terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie;

**2Pe 1:21** want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.

**Sondag 32**

**86 Vraag:** *Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?*

**Antwoord:** Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d). (a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17 Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.

**87 Vraag:** *Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?*

**Antwoord:** Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a).  
(a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6; 1 Joh 3:14.

**Skriflesing:** Galasiërs 2; 2 Petrus 1

Kategismus: **Sondag 32**

Teks: **Galasiërs 2:20; 2 Petrus 1:10**

**Sing: Ps. 86: 5,6; Ps. 28: 1,6 ; Ps. 9: 1,10**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Verlede keer het ons die koninkryk van God bely. Ons het gaan staan by die koninkryk poorte en waar Christus deur sy Woord en tug die sleutels van die koninkryk hanteer is dit vir ons die oop – en toemaak en die toe – oopmaak van die hemelpoorte. Van Christus, ons Koning, Hy wat die enigste Koning van sy Koninkryk is en so die enigste ware Sleuteldraer in sy kerk is, het ons dan ook die belofte ontvang dat *die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie....*Die hel poorte is oop poorte, die duiwel loop rond, hy soek wie daar is om te verslind.

Daarenteen die koninkryk poorte is nou nog geslote poorte. Geslote sodat die oop hel nie kan inkom nie. Ons moet dan ook die koninkryk soek. Die koninkryk is nie sommer oral te vinde nie. Vanoggend het ons iets hiervan in die koninkryksgelykenis van die Saaier gehoor. In sy bergrede sê Jesus vir ons – *Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en alles sal vir julle bygevoeg word.....* Vanweë die Koninkryk se geslotenheid werk God se uitverkiesing ook met 'n geslotenheid, met 'n binne-wees, 'n buite wees. In van Jesus se gelykenisse lê God se uitverkiesing daarin dat daar by die tien maagde vyf van hulle tevergeefs aan die geslote deur geklop het. Hulle lampies moes vroeër olie ingehad het. Die bruidegom sê – *Ek ken julle nie.....*Die eienaar van die huis met die nou poort in Lukas 13 het opgestaan en die deur gesluit. Die kloppery aan die buitekant van die deur was toe tevergeefs. Hulle moes vroeër reeds hard gestry het om in te gaan. Die eienaar van die huis sê – *Ek weet nie waar julle vandaan is nie.....*

\*\*\*

Ons belydenis kom daarby om van binne die geslote koninkryk poorte vir ons dankbaarheid te leer. Die sleutelmag van Sondag 31 word nou in Sondag 32 toegepas. Binne God se koninkryk moet daar dankbaarheid wees. Om dankbaar te wees moet ons eerste praat oor die noodsaaklikheid van goeie werke. Daarna moet ons ook praat oor die verderflikheid van slegte werke.

**Eerste dan – Die noodsaaklikheid van goeie werke:**

Om hierdie noodsaak van goeie werke binne God se koninkryk te benadruk kan ons begin waar die Here in die paradys saam met Adam en Eva gewandel het. Om met God te wandel is nie maar net praatjies nie, maar dit is om vanuit God te lewe en vir die Here te werk. Wandel is vir ons deurgaans die manier waarop die Here vir ons duidelik maak dat Hy sy kinders naby aan Hom wil hê. Noag is kind van die Here en sy lewe van goeie werke vertel dit aan ons vanuit Genesis 6, want van Noag lees ons– *Noag het met God gewandel.....* Om met God te wandel is om uit dankbaarheid na alle kante vir God te werk. Daar is dan goeie werke. In Genesis 13 moes Abraham na alle kante vir God werk. Dit is waarom hy die hele land eers moes deurtrek, sodat hy vanuit die hele land vir God kan werk. Genesis 13:17 – *Maak jou klaar, trek die land deur in sy lengte en sy breedte, want Ek sal dit aan jou gee....*

Om met God te wandel is ook hoe die Here ons goeie werke in Petrus beskryf.

1 Petrus 2:12 ....*hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaadsprek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.* So staan daar ook in vers 15 – *Want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring.....* Die mense moet ons goeie werke kan sien – 1 Petrus 3:2 – *Die reine godvresende wandel moet aanskou word.....* In sy bergrede het Jesus dit seker vir ons die heel duidelikste gestel – Mattheus 5:16 – *Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

\*\*\*

Die hoofstuk uit Petrus wat ons saamgelees het bring vir ons alles bymekaar. Die goeie werke word saamgevoeg. Alles begin natuurlik by die geloof wat van God afkom. Goeie werke maak die verskik tussen 'n lewende geloof en 'n dooie geloof. Dit is waar Jakobus dan ook in hoofstuk 2:17-18 die uitdaging rig....*Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke en ek sal jou uit my werke my geloof toon.....* Die goeie werke is volgens Petrus in mekaar vervat en bou op. *By die geloof kom deug, by die deug kom kennis en by die kennis kom selfbeheersing en by die selfbeheersing kom lydsaamheid en by die lydsaamheid kom godsvrug en by die godsvrug kom broederliefde en by broederliefde kom naasteliefde, of dan nou ook beter vertaal, die waaragtige liefde.....*

Stelselmatig raak dit seker vir u al hoe duideliker soos ons belydenis dan ook sê.....**DAAR MOET GOEIE WERKE WEES! Waarom moet ons goeie werke doen?** Hoe baie keer redeneer mense, selfs ook gereformeerde mense, dat ons vanuit God se uitverkiesing nie van goeie werke moet praat nie. “Die wat uitverkies is, is in elk geval salig, daarom maak dit nie saak of ’n mens goeie werke doen al dan nie”. Dan laat ons dit klink of ons selfs ook nie die Here se Wet kan gehoorsaam nie, waar dit juis in hierdie deel van ons belydenis vanuit goeie werke oor ’n presiese nakoming van die Here se Wet handel. Die strukturering van ons belydenis het my weer met verbystering gelaat hoe getrou ons belydenis aan die Here se Woord is wanneer ons by die inleiding van die Here se Wet kom.

\*\*\*

Ironies dat daar mense is wat die uitverkiesing van God wil misbruik dat ’n mens homself kan verskoon. Daar is selfs mense wat redeneer ek kan nou maar lewe soos ek wil, as God my uitverkies het dan sal ek in elk geval salig word. Dit maak nie saak of ek God dien of nie! Mense dink ek kan selfs God se genade vermeerder as ek nie goeie werke doen nie. Hoe wil mense met die genade van God probeer mors! In Romeine 6:1 lees ons ook van die mense wat sonde wil doen, dat die genade van God meer sal word.....*Sal ons dan in die sonde bly, dat die genade meer kan word? ....*Hierdie is mense wat gehoorsaamheid aan die Wet heeltemal uitskakel. Hulle redeneer ’n mens kan nie aan die Wet van God gehoorsaam wees nie, daarom moet ’n mens nie eers probeer om dit te doen nie. Dan is daar ook nog die houding van as ons die Wet wil gehoorsaam wees, dan raak ons weer wetties en probeer deur wetsonderhouding die saligheid te verdien.

Mense wat los van die Wet en die goeie werke uit die Wet oor die uitverkiesing dink en redeneer, is besig met drogredenasies, hulle draai hulleself ’n rat voor die oë. Die Here se Wet staan beslis nie vir ons daar om geïgnoreer te word nie. Die Wet maak ons aan God vas. Vanuit die Wet leer ons wat gehoorsaamheid en wat goeie werke is. God se uitverkiesing lê juis op my die opdrag om goeie werke te moet doen. Ons moet aan die Wet gehoorsaam wees. Ons is dit aan God verskuldig! Die Wet maak my so skuldig voor God, dat ek juis vanweë my skuld uit hierdie Wet sal begin lewe.

Ek wat skuldig is, wil nou dankbaar wees, vir wat God vir my gedoen het. God stel my vanuit sy roeping en verkiesing daartoe in staat. U kan seker nou begin verstaan wat Petrus bedoel as hy ook van God se uitverkiesing en goeie werke praat en hy dan in die teksverse vir ons die opdrag gee – *Daarom broeders, moet julle jul des te meer beywer, om julle roeping en*

*verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.* Hoor u die vasmaak, dit wat God gemaak het, sy verkiesing moet ons vasmaak. Hoor u weer die saam met God wandel, die goeie werke, anders is daardie struikel.....Hy wat nie goeie werke doen nie is besig om te val.

Die noodsaak van goeie werke staan in ons belydenis voorop met die een enkele rede – **ONS IS DIT AAN GOD VERSKULDIG.** In die vorige dele van ons belydenis het ons gehoor wat Christus deur sy Heilige Gees **IN ONS DOEN.** Die hoofsaak is – **Hy vernuwe ons deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld.....**

\*\*\*

'n Lewe van dankbaarheid is met ander woorde 'n lewe van heiligmaking. Die Heilige Gees maak heilig. Die Heilige Gees maak my nuut. Die Heilige Gees wil ons tot Christus se ewebeeld vernuwe. Christus is God se Beeld. In Kolossense 1:15 staan – *Christus is die beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping.....*Die beeld van God, wat in ons met die skepping bestaan het, toe ons na die beeld van God geskape is, daardie beeld moet teruggekom. Daardie beeld van God moet vanuit Christus deur die werking van die Heilige Gees in ons geplant word, wanneer die Heilige Gees ons in Christus plant.

Dit gaan hier om baie meer as om Christus in my persoon te wil naboots. Christus is nie maar net vir ons 'n goeie voorbeeld wat ons moet navolg nie. Née, ons kan nooit SOOS Christus wees nie, maar ons moet juis **IN** Christus geplant wees, ingelyf wees, deel van sy liggaam, die kerk, wees, dan praat ons van goeie werke wat 'n lewe **UIT CHRISTUS IS.** Verstaan u nou waarom daar in Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely word, dat daar buite die kerk geen saligheid is nie, want buite Christus om, los van Christus bestaan daar geen saligheid nie. Deur sy Heilige Gees is Christus in ons en ons in Christus, daarom kan ons as kerk uit Christus lewe. Hy die Wynstok, ons die lote, Hy die Hoof, ons die liggaam, Hy die Hoeksteen, ons die boustene. Dan kan ons met Galasiërs 2:20 saampraat – *Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.....*Daarom klink dit óók aanvanklik of daar 'n teenstrydigheid, ('n diskrepansie) in ons belydenis bestaan, want die vraag is **Waarom moet ons.....?** Die antwoord is nie ons nie, **MAAR CHRISTUS..... omdat Christus ons, deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe..**

Op die wyse is goeie werke eintlik 'n vanselfsprekendheid. **DIT IS LOGIES.** As daar nie goeie werke is nie, dan hang die vraag nie oor die werke nie, maar oor die geloof. Christus

laat dit net so logies klink. Mattheus 7:16-18 *Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom, goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie....* Die vrugte waaraan die goeie werke gemeet word, is God se vrugte, daarom praat ons ook van 'n lewe van Godsvrug. Alles begin by die fondament wat God gelê het, die boom wat God geplant het. Die bergrede wat ook bekend staan as die GRONDWET van God se Koninkryk eindig dan ook in hoofstuk 7 van Mattheus met die huis se fondament op sand of op die rots. As die fondament van u werke nie goed is nie, dan kan u werke nie goed wees nie. Ons belydenis gee dan ook vir ons die drie MANIERE waarop ons werke se fondament goed kan wees. Hierdie is die drie maniere waarop die Heilige Gees ons tot die beeld van Christus vernuwe.....nuut maak!

Eerste dat ons God dankbaarheid sal bewys en hy deur ons geprys sal word. Tweedens die geloofsvrugte of die goeie werke gee vir my sekerheid. Laastens, mense word vir Christus gewen, wanneer hulle my lewe sien. Ek is 'n lamp wat moet skyn, mense moet my sien!

By die eerste deel van my lewensfondament lê die klem swaar op persoonlike dankbaarheid. Dankbaarheid werk soos 'n koolvuur. As die kool warm is dan kan die kool nie anders as om te brand en om te gloei nie. Uit my werke gloei Christus uit my, want deur sy Gees gloei Hy in my. Die gloed kan nie verborge bly nie, al is die gloed 'n geheime gloeiing in die hart, dit sal uitkom. Die lied van 'n kanarie kan nie deur die hokkie gekeer word, waarbinne die kanarie sit nie. Paulus en Silas is in die donkere nag, met boeie in die gevangenis. Hulle kan nie daar uit nie. En tog kan hulle ook nie anders as om te sing nie. Lofliedere weerklink uit Filippi, want hierdie is dankbare mense, al is hulle in die gevangenis. In dankbaarheid is geen orgaan van siel of liggaam, geen sekonde van my ganse lewe, geen beweging van my liggaam los te maak van God se eer nie.

Die sekerheid van 'n goeie boom lê in sy vrugte, die sekerheid van 'n lewende geloof lê in die werke.

Die tentklappe van u hart moet vol wees van goeie gedagtes en goeie werke. Dan sal ander mense nie vir u sien nie, maar hulle sal u hart sien. Soos ons bely – **Deur ons godvresende lewe sal ons ook ons naaste vir Christus wen.** Dit is evangelisasie, dit is 'n lewenswyse. Die meeste van die tyd is evangelisasie iets wat gebeur sonder dat ek ooit daarvan bewus is

dat dit nou eintlik God se evangelisasie is wat plaasvind. God is besig om deur my goeie werke my naaste vir Christus te wen.

God maak egter ook toe. Dit is waaroor ons belydenis in die laaste vraag handel.

**Die verderflikheid van slegte werke:**

Hieroor hoef ons nie veel te sê nie. By die finale oordeel sal God sekerlik baie daarvoor praat. In die vorige Sondag het ons gehoor van die sleutelmag, hier is God besig om sy sleutelmag te hanteer! As die goeie werke nie in ons is nie, dan is die verderflikheid van die slegte werke in ons. Die Koninkryk vir so 'n mens is gesluit. So 'n mens kan nie salig word nie. Broeder en suster, dus nie ek of ons belydenis wat dit sê nie – GOD SÊ DIT. U verstaan ook seker nou waarom die noodsaak van goeie werke, DIE MOET so sterk aan die begin uitgedruk word. Daar is iets wat ons moet vasmaak, ons roeping en verkiesing, anders is daardie toemaak.

\*\*\*

**Kan die mens dan nie salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?** Die antwoord in ons belydenis is kort en kragtig – *Nee, glad nie*. En dan sluit ons belydenis aan soos wat dit net in die Woord staan. In 1 Korintiërs, in Efesiërs, in 1 Johannes en dan kan ons ook Openbaring 21:27 byvoeg – *Niks onreins en niemand wat iets losbandig en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan*. Mag u die Woord hoor, mag u goeie werke daar wees om te aanskou, u leef dan voluit soos ons in V/A 64 van ons belydenis al bely het.....**dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie**. Die vrugte van dankbaarheid is nou die werke van die Here se Wet waarna ons DV. die volgende weke tot in volgende jaar sal kyk. Alvorens moet ons ook praat van bekering. Bekering is ook 'n saak wat saam met goeie werke in die poorte van die koninkryk moet plaasvind. Bekering is noodsaaklik! Mag ons 'n volgende keer daarna kyk.

AMEN